Waterkruik

JAARGANG 54 NO 37 24 September 2017

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 7 & 8

Ouderlinge: Jac van der Walt en Giel de Lange
Diaken: Jacques Tredoux

Volgende Sondag: Wyke 9 & 10

Ouderlinge: Jasper Steyn en Charles Horn
Diaken: Dian van der Walt

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag en volgende Sondag **:** Kerkkas.

TEESKINKBEURTE

Daar is vir die volgende 3 Sondae selfhelptee by die deurgeeluik van die kombuis beskikbaar.

KATKISASIE SLUIT

As gevolg van die langnaweek en die skoolvakansie sal daar eers weer op 15 Oktober katkisasie wees.

BYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroepe sluit Donderdag vir die skoolvakansie. Dr. Douw vertrek ook die 18de Oktober na die buiteland. Die Bybelstudie-groepe vergader dan eers weer op Donderdag 2 November.

"Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar. Deur die Here het ons vertroue in julle dat julle doen en sal doen wat ons julle voorhou. Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!" 2 Tess. 3:3-5

Aktiwiteite vir die week

Donderdag
Bybelstudiegroepe
08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie, konsentreer op Joh. 13
18:30 Groep 3 in die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie
Groep 1 en Groep 3 behandel die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here." Ps. 112:1

Maandag 25 September
Br. Johan van Staden 082 494 7440

Woensdag 27 September
Sr. Baby Kruger 083 453 4315
Sr. Nancy Nel 012 362 0632

Donderdag 28 September
Br. James Slabbert 082 465 4771
+27826312016

Vrydag 29 September
Br. Cas Kruger 083 453 4315

Sr. Nancy Nel vier Woensdag haar 94ste verjaardag en br. Cas Kruger vier Vrydag sy 88ste verjaardag. Hartlik geluk. Ons bid u die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar. Mag Hy u elke dag met sy genade en liefde omvou.

MEELEWING

Br. & sr. Tjibbe en Elna Spoelstra het onlangs nog 'n kleindogtertjie ryker geword. Mag die Here haar ryklik seën en mag sy vir julle groot vreugde bring. 082 571 5372

Sr. Anne Labuschagne het Vrydag tydens 'n operasie 'n stent ontvang. Ons bid jou spoedige en volkome herstel toe. 076 872 9307

"Verder, broers, wees bly, streef na die geestelike volwassenheid, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede. En die God van liefde en vrede sal by julle wees! "2 Korintiërs 13:11

ROEPING VAN OUDERLING

Br. Gerrit Broos is ter approbasie geroep om as ouderling te dien.
Ons vra u voorbidding vir hom met die oorweging van die roeping.

ATTESTATE

Frans en Rina Malan het na Stellenbosch verhuis. Mag die Here julle ryklik seën in julle nuwe tuiste.

Sr. Marie Scholtemeijer was vir 'n tydjie lidmaat van Totiusdalgemeente Hartlik welkom terug in ons midde.

BEROEPE

Beroep ontvang:
Ds. MJ Nkili van Khutsong na Bophirima
Beroep aanvaar:
Ds. JJ de Bruyn van Harrismith na George

KUIERKAFEE

Dit is September, dit is lente en elke dag is ons meer bewus van hoe 'n vaal, stowwerige, droë winter amper oornag verander in groen kleur en geur. Ons wéét van die nuwe lewe in die natuur. En net so is dit moontlik in die lewe van 'n mens!
Op Dinsdag 26 September om 10:00 in die Kuierkafee in die kerksaal vertel **Marie Botha** van haar nuwe lewe na 'n nieroorplanting en leer terselfdertyd wat orgaanskenking behels.

Almal is baie hartlik welkom. As vervoer 'n probleem is, skakel Hannie Kruger 082 414 0325 of An Venter 012 460 9166.
Net 'n vriendelike versoek: Om verwerping van die nuwe nier te voorkom, word Marie se immuniteit onderdruk en is sy gevolglik baie vatbaar vir siektes. As u griep, verkoue, erge hoes of so-iets onder lede het, bly liefs weg.

KOM ONS LEER GOD DEUR DIE BYBEL KEN (3)

1. **God is wys**: *"Die Here het die fondament van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou met insig. Deur Sy kennis is die groot waters van mekaar geskei en drup die wolke van vog."* (Spreuke 3:19-20)
2. **God is onendig**: *"O diepte van die rykdom en die wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë* (Romeine 11:33)
3. **God is onveranderlik**: *"Die hemel en die aarde sal vergaan, maar U sal bly. Soos 'n kledingstuk verslyt, so sal alles vergaan, soos klere wat uitgedien raak, so sal U alles laat verdwyn. Maar U bly dieselfde, u jare het geen einde nie* " (Psalm 102:27-28)
4. **God is genoeg**: *"God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat*

aan almal lewe en asem en alles gee" (Handelinge 1:24-25)

OPVOERING: *UIT DIEP VAN DONKER NAGTE*

Hierdie opvoering handel oor die gebeurtenisse ten tyde van die **Hervorming 500 jaar** gelede.
Dit sal 'n dokumentêre vertelling wees saam met toneelspel, ensemblesang, kamermusiek, orreluitvoering en deelname deur die gehoor.
Die opvoering vind op 25, 26, 27 en 28 Oktober in die kerkgebou van die GK Centurion plaas en u moet nie wag om kaartjies te koop nie want veral die Vrydagaand en Saterdagaand se **kaartjies is byna almal uitverkoop.**
U kan kaartjies bespreek/koop op die internet by https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn of navraag doen by navraeddn@gmail.com

HERVORMING 500: SPESIALE AKSIES

Die Redaksie bring graag die volgende onder u aandag :

1. Pretoria FM (vroeër Radio Pretoria) is besig om te reël dat alle kerke met kerkklokke hulle **klokke sal laat lui** vir 'n minuut lank om **6.59 op 31 Oktober** *(ongelukkig het ons gebou nie klokke nie!)*
2. Pretoria FM beplan om die gesamentlike **herdenkingserediens** op 29 Oktober direk vanaf die NG Kerk Universiteitsoord (Pretoria) **uit te saai**.
3. Deur die inisiatief van Fontein Uitgewers word 'n sg. **Reformasie Kuns en Letterkunde Kompetisie gereël.** Persone word uitgenooi om bydraes wat betrekking het op die Hervorming in te stuur met die volgende as temas: kuns, drama, kortfilm, video, fotografie, skryfkuns en beeldende kuns.Die bydraes sal in die volgende kategorieë deelneem: laerskool, hoërskool, student, volwassenes en groepe. Daar is pryse om te wen maar besonderhede daaroor sal later bekend gemaak word. Die sluitingsdatum vir bydraes is 10 Oktober.

Belangstellendes kan vir Marlize Rossouw kontak by 012 332 2557 of 084 064 1192 of marlize@fonteinuitgewery.co.za

DIE 95 STELLINGS VAN MARTIN LUTHER – HOE LUI DIT

Vir diegene van u wat belangstel in die veel geroemde **stellings** wat Luther op die kerkdeur van die kerk in Wittenberg vasgespyker het, het ons kantoor 'n beperkte aantal kopieë van die Afrikaanse vertaling daarvan gemaak.
U kan vir u 'n kopie neem by die vakkies by die hoofdeur agter in die kerk.

Ons gemeente het 'n aantal kaartjies vir beide opvoerings gekoop. Om teleurstelling te voorkom, skakel Nienke by ons Kerkkantoor 012 460 6925 om kaartjies te bekom.

FONDSINSAMELING VIR ONDERSTEUNING AAN DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Saterdag 14 Oktober om 17:00 op ons (Waterkloofrand) Kerkterrein. Ondersteun ons in die projek aangebied deur die Vriendekring van die Kinderhuis met vermaak vir die hele gesin.

Craft Bier & Burger-pairing @ R150 per volwassene met vyf glase bier en vyf burgers met verskeidenheid van vulsels ingesluit, aangebied deur Ampie Kruger, eienaar van Wild Clover Breweries van Stellenbosch.
Burgers & sap/soda vir kinders onder 12 @ R50.00 met vermaak aangebied deur die senior kinders en personeel van die Kinderhuis.
Korporatiewe tafels beskikbaar @ R3 000 per tafel van 10 persone. (3 korporatiewe tafels beskikbaar met ekstra drinkgoed en happies op die tafel)

PROGRAM:
Bier & Burger-pairing, veiling en gesellige kuier met musiekvermaak voor en na die proe vir die volwassenes en vermaak vir die kinders.

Navrae gerig aan Marianna du Plessis by Marianna.duplessis@gmail.com (Waterkloofrand gemeente) vir kontantbydraes of aanbied van items vir veiling (wegbreeknaweke, tyddeel en enigiets met opveilwaarde)
Kaartjies: Lihana van der Walt (Wapadrant Gemeente) by 082 826 1552 of direk deur Quicket – http://qkt.io/4dGro6

ALLERLEI

ORRELKONSERT

Martin Mans, wêreldbekende Nederlandse orrelis, tree Woensdag die 11 de Oktober 2017 om 19:00 op in Gereformeerde Kerk Rietvallei (Umgenistraat 359, Erasmuskloof, Pretoria). Laerskool Constantiapark se seniorkoor (wenners van 2016 se Sing-in- Harmonie-kompetisie) tree ook op. Kaartjies is R100 vir volwassenes en R50 vir skoolkinders.
Kontak Grace Versteeg by 083 276 1767 of graceversteeg@gmail.com vir meer inligting.

TSHWANE NORTH OUTREACH (TNO) se Behoeftes

Afgesien van finansiële ondersteuning bly ons enkele grootste deurlopende behoefte kos o.a. vir diegene wat kospakkies van ons ontvang. Selfs al is dit net een of twee blikkies kos, 'n sakkie mieliemeel, suiker, pasta, rys, tee, koffie, groente en ook bederfbare produkte (ons het verkoelingsgeriewe) sal dit 'n groot verskil maak.

Die somer is hier en dit raak al lekker warm!
Ondersteun ons asb met somersklere, veral vir kinders.
Ons hou op **1 Desember 2017** die jaarlikse Kersboomfunksie vir die kinders betrokke by die projek. Dit is seuns en dogters van gr R tot gr 12. Ons het hulp nodig om vir die sowat 200 Kerskospakkies goedjies te kry en het u ondersteuning baie nodig. U kan 'n donasie van R150 gee of goedere met daardie bedrag skenk. Ons rekeningbesonderhede is Wolmer Gemeenskapsprojek, ABSA tjekrekening 630 674 255, takkode 632005 (Gerbruik asb "Kersfees" as verwysing). Skakel Nadia de Jonge, ons administrasieklerk, by 012-565 6332 of projek.wolmer@gmail.com vir meer besonderhede.
Ons is ook alreeds besig om **skryfbehoeftes** vir die kinders bymekaar te maak vir volgende jaar. Enige donasie van papier tot potlode sal hoog op prys gestel word.
Besoek ons webblad www.wolmercommunityproject.co.za vir inligting oor aanlynbydraes en meer. Dankie dat ons op u welwillendheid kan reken. Ons kan van enigiets wat in u huis oortollig geraak het, gebruik maak mits dit nog in 'n werkende toestand is.
Sit jou donasie in die kombuis neer of skakel Nienke 012 460 6925 vir meer inligting. Indien u grootgoed wil skenk soos meubels, ens. kan hulle dit by u huis kom haal.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net
webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste van die afgelope 12 maande.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER: Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685
Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.